- (g) defray a specified part of the expenditure, incurred by any local authority, which is connected with the construction of a road constituting part of an approved transport plan;
- (h) defray a specified part of the cost of additional equipment required by any local authority for regulating and controlling traffic in a metropolitan transport area in terms of an approved transport plan;
- (i) contribute to an extent determined by it towards covering losses sustained in respect of any suburban railway service for the conveyance of specified classes of passengers;
- (j) provide subsidized transport for officers of the commission;
- (k) defray the cost or part of the cost incurred by any officer of the commission in using his private transport, with the prior approval of the commission, for the purposes of his official functions, at such tariff as the Secretary for Transport may from time to time determine in respect of the class of motor vehicle such officer so uses;
- (l) defray the cost or part of the cost of any publication or publicity material or any activity which in the opinion of the commission will promote the objects of this Act;
- (m) make a grant to any Administrator for defraying the cost incurred by any board in connection with the performance of its functions.

11. **Chairman of board or boards.**—If there is in any province one or more metropolitan transport areas, the Administrator concerned shall designate an officer of his administration as chairman of the board or boards concerned.

12. **Appointment of Metropolitan Transport Advisory Boards.**—For any metropolitan transport area the Administrator concerned shall appoint a Metropolitan Transport Advisory Board.

13. **Constitution of a board.**—(1) A board shall consist of—

- (a) the chairman designated in terms of section 11;
- (b) one member nominated by the commission;
- (c) one member nominated by the South African Railways Administration;
- (d) one member nominated by the Secretary for Community Development;
- (e) one member nominated by the Secretary for Plural Relations and Development;
- (f) one member nominated by the Secretary for Planning and the Environment;
- (g) one member nominated by the Postmaster-General;
- (h) two members nominated by and in respect of the core city of the metropolitan transport area concerned, and one member nominated by and in respect of every other local authority of which the area under its jurisdiction or of which any portion of the area under its jurisdiction has been included in such metropolitan transport area;

- (d) 'n toekening doen aan iemand vir opleiding in vervoeringeniërsdiens of vervoerekonomie of enige ander aangeleentheid met betrekking tot vervoer;
- (e) 'n toekening doen ter bestryding van 'n bepaalde deel van die koste van toerusting, van grond en van die totstandbrenging van padgeriewe en verwante geriewe, ter vervanging of verbetering van openbare passasiersdiensgeriewe, en vereis ingevolge 'n goedgekeurde vervoerplan en vir die gebruik van grond in verband daarmee, mits die betrokke diens nie 'n voorstedelike spoorwegdiens in paragraaf (i) bedoel, is nie;
- (f) aan iemand wat in 'n metropolitaanse vervoergebied 'n openbare passasiersvervoerdienis dryf 'n toekening doen, mits die betrokke diens nie deur die Staat gesubsidieer word nie;
- (g) 'n bepaalde deel bestry van die uitgawe deur 'n plaaslike bestuur aangegaan, wat in verband staan met die aanlê van 'n pad wat deel uitmaak van 'n goedgekeurde vervoerplan;
- (h) 'n bepaalde deel van die koste bestry van bykomende toerusting wat 'n plaaslike bestuur vir die reëling en beheer van verkeer in 'n metropolitaanse vervoergebied ingevolge 'n goedgekeurde vervoerplan nodig het;
- (i) in 'n deur hom bepaalde mate bydra tot die dekking van verliese gelyk ten opsigte van enige voorstedelike spoorwegdiens vir die vervoer van bepaalde klasse passasiers;
- (j) gesubsidieerde vervoer verskaf aan beamptes van die kommissie;
- (k) die koste of deel van die koste bestry deur 'n beampte van die kommissie aangegaan by die gebruik van sy privaatvervoer, met die voorafverkreë goedkeuring van die kommissie, vir die doeleindes van sy ampelike werksaamhede, teen die tarief wat die Sekretaris van Vervoer ten opsigte van die klas motorvoertuig wat sodanige beampte aldus gebruik, van tyd tot tyd bepaal;
- (l) die koste of deel van die koste bestry van 'n publikasie of reklamemateriaal of 'n bedrywigheid wat volgens die oordeel van die kommissie die oogmerke van hierdie Wet sal bevorder;
- (m) 'n toekening aan 'n Administrateur doen ter bestryding van die koste deur 'n raad aangegaan in verband met die verrigting van sy werksaamhede.

11. Voorsitter van raad of rade.—Indien daar in 'n provinsie een of meer metropolitaanse vervoergebiede is, moet die betrokke Administrateur 'n beampte in sy administrasie aanwys as voorsitter van die betrokke raad of rade.

12. Aanstelling van Metropolitaanse Vervoeradviesrade.—Vir 'n metropolitaanse vervoergebied moet die betrokke Administrateur 'n Metropolitaanse Vervoeradviesraad aanstel.

13. Samestelling van 'n raad.—(1) 'n Raad bestaan uit—

- (a) die voorsitter ingevolge artikel 11 aangewys;
- (b) een lid benoem deur die kommissie;
- (c) een lid benoem deur die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie;
- (d) een lid benoem deur die Sekretaris van Gemeenskapsbou;
- (e) een lid benoem deur die Sekretaris van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling;
- (f) een lid benoem deur die Sekretaris van Beplanning en die Omgewing;
- (g) een lid benoem deur die Posmeester-generaal;
- (h) twee lede benoem deur en ten opsigte van die kernstad van die betrokke metropolitaanse vervoergebied, en een lid benoem deur en ten opsigte van elke ander plaaslike bestuur wie se regsgebied of van wie se regsgebied 'n deel in dié metropolitaanse vervoergebied opgeneem is;

- (j) two members chosen by the Administrator concerned from persons nominated by such bodies as are in the opinion of the Administrator representative of organized commerce;
 - (j) one member chosen by the Administrator concerned from persons nominated jointly by such bodies as are in the opinion of the Administrator representative of organized industry; and
 - (k) one or more members who in the opinion of the Administrator concerned—
 - (i) command special knowledge with regard to urban transport matters; or
 - (ii) should be appointed to the board.
- (2) The Administrator concerned shall designate one member of a board as deputy chairman.
- (3) A member of a board, other than the chairman, shall be appointed for such period (not exceeding two years) and on such conditions as the Administrator concerned may in every particular case determine: Provided that such Administrator may, if in his opinion there exist sufficient reasons therefor, after consultation with the commission terminate the services of any such member at any time before the expiry of his period of office.
- (4) If for any reason a vacancy occurs on a board, the Administrator concerned may in accordance with the provisions of subsections (1) and (3) appoint a person to fill the vacancy.
- (5) A person whose period of office as a member of a board has expired by effluxion of time, shall be eligible for reappointment.
- (6) No act or decision of a board shall be invalid by reason only of the fact that a person who was entitled to receive notice of a meeting of the board did not receive such notice, or by reason only of the fact that a person who was disqualified from being a member of the board, or in whose appointment there was some defect, acted as a member of the board when such act was performed or such decision was taken, whether or not such person's concurrence was necessary for the performance of that act or the taking of that decision.
- (7) (a) At the request of a board, the Administrator concerned may from time to time appoint not more than two additional members to that board for a particular purpose on the ground of their special knowledge of the matter for the purpose of which they are appointed.
- (b) A member so appointed shall hold office until the matter for the purpose of which he was appointed has been disposed of by the board.
14. **Remuneration and allowances of members of a board.**—(1) The remuneration and allowances of the members of a board, save the remuneration of any member who is in the service of the State, as determined by the Administrator concerned after consultation with the commission, shall be paid out of the transport fund concerned.
- (2) A member of a board who is in the service of the State shall not be paid, in respect of services rendered by him, any remuneration in addition to his salary as a person in the service of the State, and such a member who is in the service of the State shall not be paid an allowance in respect of subsistence and travelling expenses at a rate higher than that applicable to him as a person in the service of the State.
- (3) If the Minister, on the recommendation of the commission and after consultation with the Minister of Finance, is of opinion that a member mentioned in subsection (2), other than the chairman, devotes the whole or a substantial portion of his time to his functions as a member of a board, the Minister may, after such consultation, direct the board to refund to the State from the transport fund concerned the remuneration paid to such member as a person in the service of the State, or so much thereof as the Minister may after such consultation determine.

- (i) twee lede deur die betrokke Administrateur gekies uit persone wat deur die liggame wat volgens die oordeel van die Administrateur verteenwoordigend is van die georganiseerde handel, benoem is;
- (j) een lid deur die betrokke Administrateur gekies uit persone wat deur die liggame wat volgens die oordeel van die Administrateur verteenwoordigend is van die georganiseerde nywerheid, gesamentlik benoem is; en
- (k) een of meer lede wat, volgens die oordeel van die betrokke Administrateur—
 - (i) oor besondere kennis met betrekking tot stedelike vervoeraangeleenthede beskik; of
 - (ii) op die raad aangestel behoort te word.

(2) Die betrokke Administrateur wys een lid van 'n raad as adjunk-voorsitter aan.

(3) 'n Lid van 'n raad, uitgesonderd die voorsitter, word aangestel vir die tydperk (maar hoogstens twee jaar) en op die voorwaardes wat die betrokke Administrateur in elke besondere geval bepaal: Met dien verstande dat dié Administrateur, indien daar volgens sy oordeel gegronde redes daarvoor bestaan, na oorleg met die kommissie die dienste van so 'n lid te eniger tyd voor die verstryking van sy ampstermyn kan beëindig.

(4) Indien daar om enige rede 'n vakature in 'n raad ontstaan, kan die betrokke Administrateur ooreenkomstig die bepalinge van subartikels (1) en (3) iemand aanstel om die vakature te vul.

(5) Iemand wie se ampstermyn as lid van 'n raad by tydsverloop verstryk het, kan weer aangestel word.

(6) Geen handeling of besluit van 'n raad is ongeldig nie slegs vanweë die feit dat iemand wat daarop geregtig was om kennis van 'n vergadering van die raad te kry, nie sodanige kennis gekry het nie, of slegs vanweë die feit dat iemand wat onbevoeg was om 'n lid van die raad te wees, of in wie se aanstelling daar een of ander gebrek was, as 'n lid van die raad opgetree het toe daardie handeling verrig of daardie besluit geneem is, hetsy so iemand se instemming vir die verrigting van daardie handeling of die neem van daardie besluit nodig was of nie.

(7) (a) Die betrokke Administrateur kan op versoek van 'n raad van tyd tot tyd hoogstens twee bykomende lede vir 'n bepaalde doel op daardie raad aanstel op grond van hul besondere kennis van die aangeleentheid vir die doel waarvoor hulle aangestel word.

(b) 'n Lid aldus aangestel, beklee sy amp totdat die aangeleentheid vir die doel waarvoor hy aangestel is, deur die raad afgehandel is.

14. Besoldiging en toelaes van lede van 'n raad.—(1) Die besoldiging en toelaes van die lede van 'n raad, uitgesonderd die besoldiging van 'n lid wat in diens van die Staat is, soos deur die betrokke Administrateur na oorleg met die kommissie bepaal, word uit die betrokke vervoerfonds betaal.

(2) Aan 'n lid van 'n raad wat in diens van die Staat is, mag daar nie ten opsigte van dienste deur hom verrig, besoldiging betaal word bo en behalwe sy salaris as persoon in diens van die Staat nie, en daar mag ook nie aan so 'n lid wat in diens van die Staat is, 'n toelae ten opsigte van verblyf- en reiskoste betaal word teen 'n hoër skaal as dié wat op hom, as persoon in diens van die Staat, van toepassing is nie.

(3) Indien die Minister op aanbeveling van die kommissie en na oorleg met die Minister van Finansies van oordeel is dat 'n lid in subartikel (2) genoem, behalwe die voorsitter, al sy tyd of 'n aansienlike deel van sy tyd aan sy werksaamhede as 'n lid van 'n raad bestee, kan die Minister, na sodanige oorleg, gelas dat die raad die besoldiging wat aan sodanige lid as iemand in diens van die Staat betaal word, of sovel daarvan as wat die Minister na sodanige oorleg bepaal, aan die Staat uit die betrokke vervoerfonds vergoed.

15. Meetings of a board.—(1) A board shall meet at such times and places as the chairman or, if he is absent, the deputy chairman may determine.

(2) The chairman or, if he is absent, the deputy chairman shall preside at all meetings of a board, and if both the chairman and the deputy chairman are absent from a meeting of a board, the members present shall elect a person from among themselves to preside at such meeting.

(3) The majority of the members of a board shall constitute a quorum for a meeting of the board.

(4) The decision of a majority of the members of a board present at a meeting of the board shall constitute a decision of the board, and in the event of an equality of votes on any matter, the person presiding at the meeting concerned shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(5) A board shall cause records to be kept of the proceedings at every meeting held by it in connection with its functions in terms of this Act, and the Administrator concerned shall make them available to the commission on request.

16. Functions of a board.—(1) A board shall—

(a) advise an Administrator on matters regarding transport in the metropolitan transport area concerned;

(b) advise an Administrator on the determination or alteration of the limits of the metropolitan transport area concerned;

(c) at the request of an Administrator conduct any study in relation to transport and advise that Administrator on the preparation of a transport plan by the local authorities of which the areas under their jurisdiction or of which any portion of the areas under their jurisdiction have or has been included in the metropolitan transport area concerned;

(d) promote collaboration between such local authorities in order to effect the preparation of an efficacious transport plan;

(e) promote the co-ordination of transport in the metropolitan transport area concerned, including the staggering of working hours;

(f) (i) submit to the Administrator concerned for his approval and make available to the commission its estimates, which shall be prepared on an annual basis;

(ii) make available to the Administrator concerned and the commission the estimates of the local authorities concerned, which shall be prepared on an annual basis and show all revenues and expenditure regarding transport in the metropolitan transport area concerned;

(g) make recommendations to the Administrator concerned concerning the utilization of moneys made available from the fund for the implementation of any transport plan;

(h) submit annual reports with regard to its functions to the Administrator concerned, who shall forward copies thereof to the commission.

(2) A board may appoint committees from among its members to perform on its behalf any of its functions.

(3) All administrative work in connection with the performance of the functions of any board, shall be performed by such persons of his administration and such other persons as may be made available by the Administrator concerned to such board.

17. Functions of a core city.—A core city shall—

(a) in collaboration with the board appointed for its metropolitan transport area and any guide plan committee established in respect of its metropolitan transport area, give guidance in connection with the preparation of any

15. Vergaderings van 'n raad.—(1) 'n Raad vergader op die tye en plekke wat die voorsitter of, indien hy afwesig is, die adjunk-voorsitter bepaal.

(2) By alle vergaderings van 'n raad moet die voorsitter of, indien hy afwesig is, die adjunk-voorsitter voorsit, en indien die voorsitter sowel as die adjunk-voorsitter van 'n vergadering van 'n raad afwesig is, kies die aanwesige lede iemand uit hul midde om op dié vergadering voor te sit.

(3) Die meerderheid van die lede van 'n raad maak 'n kworum vir 'n vergadering van die raad uit.

(4) Die beslissing van 'n meerderheid van die lede van 'n raad wat op 'n vergadering van die raad aanwesig is, maak 'n besluit van die raad uit, en by staking van stemme oor enige aangeleentheid, het die persoon wat op die betrokke vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem.

(5) 'n Raad moet aantekening laat hou van die verrigtinge op elke vergadering wat hy in verband met sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet hou, en die betrokke Administrateur moet dit op aanvraag aan die kommissie beskikbaar stel.

16. Werksaamhede van 'n raad.—(1) 'n Raad moet—

- (a) 'n Administrateur van raad dien oor kwessies betreffende vervoer in die betrokke metropolitaanse vervoergebied;
- (b) 'n Administrateur van raad dien oor die vasstelling of verandering van die grense van die betrokke metropolitaanse vervoergebied;
- (c) op versoek van 'n Administrateur enige studie met betrekking tot vervoer instel en daardie Administrateur van raad dien oor die opstel van 'n vervoerplan deur die plaaslike besture wie se regsgebiede of van wie se regsgebiede 'n deel opgeneem is in die betrokke metropolitaanse vervoergebied;
- (d) samewerking tussen sodanige plaaslike besture bevorder ten einde die opstel van 'n doeltreffende vervoerplan te bewerkstellig;
- (e) die koördinering van vervoer in die betrokke metropolitaanse vervoergebied, met inbegrip van die spreiding van werksure, bevorder;
- (f) (i) sy begrotings wat op 'n jaarlikse grondslag opgestel moet word, aan die betrokke Administrateur vir goedkeuring voorlê en aan die kommissie beskikbaar stel;
(ii) die begrotings van die betrokke plaaslike besture, wat op 'n jaarlikse grondslag opgestel moet word en wat alle inkomste en uitgawes betreffende vervoer in die betrokke metropolitaanse vervoergebied moet aantoon, aan die betrokke Administrateur en die kommissie beskikbaar stel;
- (g) aanbevelings aan die betrokke Administrateur doen insake die aanwending van geld wat uit die fonds beskikbaar gestel is vir die uitvoering van enige vervoerplan;
- (h) jaarverslae omtrent sy werksaamhede aan die betrokke Administrateur voorlê, wat afskrifte daarvan aan die kommissie moet stuur.

(2) 'n Raad kan uit sy lede komitees aanstel om namens hom enige van sy werksaamhede te verrig.

(3) Alle administratiewe werk in verband met die verrigting van die werksaamhede van 'n raad, word verrig deur die persone in sy administrasie en die ander persone wat deur die betrokke Administrateur aan die raad beskikbaar gestel word.

17. Werksaamhede van 'n kernstad.—'n Kernstad moet—

- (a) met die samewerking van die raad vir sy metropolitaanse vervoergebied aangestel en enige gidsplankomitee ten opsigte van sy metropolitaanse vervoergebied ingestel, leiding gee in verband met die opstel van enige beoogde

- contemplated transport plan for such area or, if directed thereto by the Administrator concerned, prepare such plan with such assistance or collaboration and on such conditions as may be determined by the Administrator after consultation with the commission;
- (b) implement any applicable approved transport plan in such manner as may be determined by the Administrator concerned after consultation with the commission;
 - (c) give guidance to any other local authority of which the area under its jurisdiction or of which any portion of the area under its jurisdiction has been included in its metropolitan transport area, in connection with the implementation of such part of any approved transport plan as may refer to such area or portion;
 - (d) if there is no such map, prepare a complete map of its metropolitan transport area and make it available to any interested person;
 - (e) conduct such investigation in relation to the various aspects of transport as may from time to time be necessary, or as the Administrator concerned may after consultation with the commission request;
 - (f) revise and bring up to date the applicable approved transport plan;
 - (g) with a view to co-ordination concerning urban transport matters, maintain contact with any other local authority of which the area under its jurisdiction or of which any portion of the area under its jurisdiction has been included in its metropolitan transport area, and with the South African Railways Administration;
 - (h) conduct any investigation in connection with any scheme for amalgamating the revenues and expenditure of and the services rendered by, different transport undertakings in its metropolitan transport area;
 - (i) assist the chairman of the board for its metropolitan transport area in preparing any report or estimate for consideration by that board;
 - (j) administer the transport fund established by section 18 for its metropolitan transport area;
 - (k) do such other work in connection with urban transport in its metropolitan transport area as the Administrator concerned may after consultation with the commission direct it to do.

18. Consolidated Metropolitan Transport Funds.—(1) For every metropolitan transport area there is hereby established a fund to be known as the Consolidated Metropolitan Transport Fund, into which shall be paid—

- (a) all moneys received in terms of sections 21 (2) and 22 (2) (a);
 - (b) moneys granted by the Administrator concerned from a provincial revenue fund;
 - (c) moneys granted by the commission out of the fund;
 - (d) interest on cash balances belonging to the transport fund and invested with the approval of the commission;
 - (e) moneys granted by a local authority of which the area under its jurisdiction or of which any portion of the area under its jurisdiction has been included in the metropolitan transport area, with the approval or at the request of the commission, for the implementation of an applicable approved transport plan;
 - (f) all other moneys which may accrue to the transport fund from any other source.
- (2) The moneys in a transport fund shall be utilized to defray—
- (a) such cost as any local authority of which the area under its jurisdiction or of which any portion of the area under its jurisdiction has been included in the

- vervoerplan vir die gebied of, indien deur die betrokke Administrateur daartoe gelas, sodanige plan opstel met die hulp of samewerking en op die voorwaardes wat deur die Administrateur na oorlegpleging met die kommissie bepaal word;
- (b) 'n toepaslike goedgekeurde vervoerplan op die wyse wat die betrokke Administrateur na oorlegpleging met die kommissie bepaal, uitvoer;
 - (c) leiding gee aan enige ander plaaslike bestuur wie se regsgebied of van wie se regsgebied 'n deel opgeneem is in sy metropolitaanse vervoergebied, in verband met die uitvoering van die deel van 'n goedgekeurde vervoerplan wat op sodanige regsgebied of deel betrekking het;
 - (d) indien dit nie bestaan nie, 'n volledige kaart van sy metropolitaanse vervoergebied opstel en aan enige belanghebbende beskikbaar stel;
 - (e) die ondersoek instel met betrekking tot die verskeie aspekte van vervoer wat van tyd tot tyd nodig mag wees, of wat die betrokke Administrateur na oorleg met die kommissie versoek;
 - (f) die toepaslike goedgekeurde vervoerplan hersien en bywerk;
 - (g) met die oog op koördinasie insake stedelike vervoeraangeleenthede, in voeling bly met enige ander plaaslike bestuur wie se regsgebied of van wie se regsgebied 'n deel opgeneem is in sy metropolitaanse vervoergebied, en met die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie;
 - (h) enige ondersoek instel in verband met 'n skema vir die samevoeging van die inkomste en uitgawe van, en die dienste gelewer deur, verskillende vervoerondernemings in sy metropolitaanse vervoergebied;
 - (i) die voorsitter van die raad vir sy metropolitaanse vervoergebied help met die opstel van enige verslag of begroting vir oorweging deur dié raad;
 - (j) die vervoerfonds by artikel 18 vir sy metropolitaanse vervoergebied ingestel, bestuur;
 - (k) die ander werk verrig in verband met stedelike vervoer in sy metropolitaanse vervoergebied wat die betrokke Administrateur na oorleg met die kommissie aan hom opdra.

18. Gekonsolideerde Metropolitaanse Vervoerfondse.—(1) Vir elke metropolitaanse vervoergebied word daar hierby 'n fonds ingestel wat die Gekonsolideerde Metropolitaanse Vervoerfonds heet en waarin gestort word—

- (a) al die geld ingevolge artikels 21 (2) en 22 (2) (a) ontvang;
 - (b) geld deur die betrokke Administrateur uit 'n provinsiale inkomstefonds toegeken;
 - (c) geld deur die kommissie uit die fonds toegeken;
 - (d) rente op kontantsaldo's wat aan die vervoerfonds behoort en met die goedkeuring van die kommissie belê is;
 - (e) geld deur 'n plaaslike bestuur wie se regsgebied of van wie se regsgebied 'n deel opgeneem is in die metropolitaanse vervoergebied, met die goedkeuring of op versoek van die kommissie, toegeken vir die uitvoering van 'n toepaslike goedgekeurde stedelike vervoerplan;
 - (f) enige ander geld wat die vervoerfonds uit enige ander bron toeval.
- (2) Die geld in 'n vervoerfonds word aangewend ter bestryding van—
- (a) die koste wat enige plaaslike bestuur wie se regsgebied of van wie se regsgebied 'n deel opgeneem is in die betrokke metropolitaanse vervoergebied,

metropolitan transport area concerned, may incur in performing its functions in terms of this Act, or such part of such cost as may be determined by the Administrator concerned with the approval of the commission;

- (b) the cost incurred by the Administrator concerned or any local authority in respect of the metropolitan transport area concerned in connection with the preparation of an applicable transport plan or the implementation of an applicable approved transport plan, or such part of such cost as the commission may determine;
- (c) any other expenditure incurred, as requested by the Administrator concerned with the approval of the commission, for the purposes of this Act;
- (d) the cost, as approved by the commission, incurred by the core city concerned in connection with the administration of the transport fund;
- (e) the remuneration and allowances payable in terms of section 14 to the members of the board concerned.

19. Publication of approved transport plans.—(1) The commission shall after approving any transport plan or any alteration thereof, publish such particulars thereof as it may think fit by notice in the *Gazette*.

(2) As from the date of publication of any approved transport plan or any alteration thereof in terms of subsection (1), no person shall, unless authorized thereto by the Administrator concerned after consultation with the commission or authorized or required to do so in terms of any law or applicable town planning scheme, use any land or building which may be affected by such plan or alteration, for any purpose other than that for which it was used on the said date, or erect or make additions or alterations to any building on such land which in any way vary the ratio of the permissible floor space of the building in question to the area of the land on which it has been erected.

(3) Any person who contravenes the provisions of subsection (2) shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding one thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding twelve months or to both such fine and such imprisonment.

20. Expropriation by local authority.—Notwithstanding the provisions of any other law, any local authority may, subject to the provisions of the Expropriation Act, 1975 (Act No. 63 of 1975), expropriate in a metropolitan transport area any land, including any real right in or over land but excluding State land and any real right in or over State land, necessary for the implementation of any applicable approved transport plan.

21. Levies by local authorities.—(1) Notwithstanding the provisions of any other law, any local authority of which the area under its jurisdiction or of which any portion of the area under its jurisdiction has been included in any metropolitan transport area, may from time to time impose, in accordance with any applicable approved transport plan, levies determined or approved by the Administrator concerned, and which may differ from case to case, on—

- (a) specified classes of motor vehicles entering specified portions of the metropolitan transport area in the area under its jurisdiction at specified times;
- (b) land or buildings, except in so far as they are used or intended for private dwelling purposes and land or buildings of which the State is the owner, in the metropolitan transport area in the area under its jurisdiction;
- (c) the parking of motor vehicles in any buildings or premises in specified portions of the metropolitan transport area in the area under its jurisdiction;
- (d) parking-places for motor vehicles in such portions;
- (e) places where goods are off-loaded from or loaded onto motor vehicles in such portions.

(2) Amounts received by way of levy in terms of—

- (a) subsection (1) (a), (c), (d) and (e), shall once in a month be paid into the transport fund concerned;

- by die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet aangaan, of die deel van dié koste deur die betrokke Administrateur met die goedkeuring van die kommissie bepaal;
- (b) die koste deur die betrokke Administrateur of 'n plaaslike bestuur ten opsigte van die betrokke metropolitaanse vervoergebied aangegaan in verband met die opstel van 'n toepaslike vervoerplan of die uitvoering van 'n toepaslike goedgekeurde vervoerplan, of die deel van dié koste wat die kommissie bepaal;
 - (c) enige ander uitgawe aangegaan vir die doeleindes van hierdie Wet, soos deur die betrokke Administrateur met die goedkeuring van die kommissie versoek;
 - (d) die koste, soos deur die kommissie goedgekeur, deur die betrokke kernstad aangegaan in verband met die beheer of bestuur van die vervoerfonds;
 - (e) die besoldiging en toelaes ingevolge artikel 14 aan die lede van die betrokke raad betaalbaar.

19. Publikasie van goedgekeurde vervoerplanne.—(1) Die kommissie moet na goedkeuring van enige vervoerplan of enige verandering daarvan die besonderhede daarvan wat hy goedvind by kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer.

(2) Tensy deur die betrokke Administrateur na ooreleg met die kommissie daartoe gemagtig of ingevolge die een of ander wet of toepaslike dorpsbeplanningskema gemagtig of verplig om dit te doen, mag niemand vanaf die datum van publikasie van 'n goedgekeurde vervoerplan of 'n verandering daarvan ingevolge subartikel (1), enige grond of gebou wat deur daardie plan of verandering geraak mag word, gebruik vir enige ander doel as dié waarvoor dit op gemelde datum gebruik is of 'n gebou op bedoelde grond oprig of byvoegings by of veranderings aan 'n gebou op bedoelde grond wat die verhouding van die toelaatbare vloeroppervlakte van die betrokke gebou tot die oppervlakte van die grond waarop dit opgerig is, enigins verander, aanbring nie.

(3) Iemand wat die bepalinge van subartikel (2) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens duisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

20. Onteining deur plaaslike bestuur.—Ondanks die bepalinge van enige ander wet kan 'n plaaslike bestuur in 'n metropolitaanse vervoergebied, behoudens die bepalinge van die Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975), grond, met inbegrip van 'n saaklike reg in of oor grond maar uitgesonderd Staatsgrond en 'n saaklike reg in of oor Staatsgrond, onteien wat vir die uitvoering van 'n toepaslike goedgekeurde vervoerplan nodig is.

21. Heffings deur plaaslike bestuure.—(1) Ondanks die bepalinge van enige ander wet kan 'n plaaslike bestuur wie se regsgebied of van wie se regsgebied 'n deel opgeneem is in 'n metropolitaanse vervoergebied, ooreenkomstig 'n toepaslike goedgekeurde vervoerplan van tyd tot tyd heffings, deur die betrokke Administrateur bepaal of goedgekeur, en wat van geval tot geval kan verskil, lê op—

- (a) bepaalde klasse motorvoertuie wat bepaalde dele van die metropolitaanse vervoergebied binne sy regsgebied op bepaalde tye binnegaan;
- (b) grond of geboue, behalwe vir sover dit vir private woondoeleindes gebruik word of bestem is en grond of geboue waarvan die Staat die eienaar is, in die metropolitaanse vervoergebied binne sy regsgebied;
- (c) die parkering van motorvoertuie binne geboue of persele binne bepaalde dele van die metropolitaanse vervoergebied binne sy regsgebied;
- (d) parkeerplekke vir motorvoertuie binne sodanige dele;
- (e) plekke waar goedere van of op motorvoertuie binne sodanige dele afgelaai of opgelaai word.

(2) Bedrae by wyse van heffing ingevolge—

- (a) subartikel (1) (a), (c), (d) en (e) ontvang, word een maal per maand in die betrokke vervoerfonds gestort;

(b) subsection (1) (b), shall once in a year be paid into the transport fund concerned.

22. Further powers of local authorities.—(1) Notwithstanding the provisions of any other law, any local authority of which the area under its jurisdiction or of which any portion of the area under its jurisdiction has been included in any metropolitan transport area, may in accordance with any applicable approved transport plan—

- (a) regulate the size, class or number of motor vehicles that may enter any specified portion of the metropolitan transport area in the area under its jurisdiction, and determine the time or times when any class of vehicle may enter any such portion;
- (b) regulate or prohibit the entry of any class of motor vehicle in any such portion during any specified period;
- (c) prohibit the loading or off-loading of goods motor vehicles in any such portion during any specified period or periods, and determine the time or times when such loading or off-loading may take place;
- (d) regulate or prohibit the provision of parking-places for vehicles in any building or premises in any such portion during any specified period.

(2) Any such local authority may, with the approval of the commission, let to any person the unoccupied part of land or of any building in any such portion which has been acquired in any manner for the purposes of any applicable approved transport plan, and shall pay the net proceeds thereof into the transport fund concerned, unless such land (with or without improvements) was acquired or such building was erected by such local authority solely at its own expense.

23. Exercise of powers and performance of duties of local authorities.—Any Administrator may, with the approval of the commission, by himself exercise or perform or cause to be exercised or performed any power or duty conferred or imposed by this Act on any local authority, including a core city, and in that case any moneys payable from the fund or the transport fund concerned to such local authority may be utilized by the said Administrator for the purpose for which they are intended, and that Administrator may recover from such local authority any relevant cost for which it may be liable.

24. Delegation of powers.—(1) The commission may, subject to the approval of the Minister, delegate any power conferred on it by this Act to any member or officer of the commission, any Administrator or the deputy of a core city.

(2) Any Administrator may in writing delegate any power conferred on him by this Act to a core city or any person in the services of his administration.

[Sub-s. (2) substituted by s. 17 of Act No. 109 of 1985.]

25. Regulations.—(1) Any local authority referred to in section 21 (1) or 22 (1) may make regulations with reference to any matter mentioned in section 21 or 22.

(2) Subject to the provisions of subsection (1), the Minister may make regulations for achieving the objects and purposes of this Act.

(3) Any regulations made under this section may prescribe for any contravention thereof or failure to comply therewith penalties not exceeding a fine of five hundred rand or imprisonment for a period of six months.

26. State bound.—Save as by this Act expressly or by implication otherwise provided, the provisions of this Act and the regulations made thereunder shall bind the State except in so far as criminal liability is concerned.

27. Short title and commencement.—This Act shall be called the Urban Transport Act, 1977, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

- (b) subartikel (1) (b) ontvang, word een maal per jaar in die betrokke vervoerfonds gestort.

22. Verdere bevoegdhede van plaaslike besture.—(1) Ondanks die bepalings van enige ander wet kan 'n plaaslike bestuur wie se regsgebied of van wie se regsgebied 'n deel opgeneem is in 'n metropolitaanse vervoergebied, ooreenkomstig 'n toepaslike goedgekeurde vervoerplan—

- (a) die grootte, klas of getal motorvoertuie wat 'n bepaalde deel van die metropolitaanse gebied binne sy regsgebied mag binnegaan, reël en die tyd of tye bepaal wanneer enige klas voertuig sodanige deel wel mag binnegaan;
- (b) die binnegaan van enige klas motorvoertuig binne sodanige deel gedurende 'n bepaalde tydperk reël of verbied;
- (c) die laai of aflaai van goederemotorvoertuie binne sodanige deel gedurende 'n bepaalde tydperk of tydperke verbied, en die tyd of tye bepaal wanneer sodanige laai of aflaai wel mag geskied;
- (d) die verskaffing van parkeerplekke vir voertuie in enige gebou of perseel binne sodanige deel gedurende 'n bepaalde tydperk reël of verbied.

(2) Sodanige plaaslike bestuur kan die onbesette deel van grond of van 'n gebou binne sodanige deel wat vir die doeleindes van 'n toepaslike goedgekeurde vervoerplan op enige wyse verkry is, met die goedkeuring van die kommissie aan enigiemand verhuur, en moet die netto opbrengs daarvan in die betrokke vervoerfonds stort, tensy die grond (met of sonder verbeterings) of die gebou deur die plaaslike bestuur alleenlik op eie onkoste verkry of opgerig is.

23. Uitoefening van bevoegdhede en verrigting van pligte van plaaslike besture.—'n Administrateur kan met die goedkeuring van die kommissie 'n bevoegdheid of plig wat by hierdie Wet aan 'n plaaslike bestuur, met inbegrip van 'n kernstad, verleen of opgelê word, self uitoefen of verrig of laat uitoefen of verrig, in watter geval enige geld uit die fonds of die betrokke vervoerfonds aan sodanige plaaslike bestuur betaalbaar, deur genoemde Administrateur aangewend kan word vir die doel waarvoor dit bestem is, en dié Administrateur enige tersaaklike koste waarvoor sodanige plaaslike bestuur aanspreeklik is, op hom kan verhaal.

24. Delegering van bevoegdhede.—(1) Die kommissie kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister, enige bevoegdhede wat by hierdie Wet aan hom verleen word, aan 'n lid of beampte van die kommissie, 'n Administrateur of die gemagtigde van 'n kernstad deleger.

(2) 'n Administrateur kan enige bevoegdheid wat by hierdie Wet aan hom verleen word, skriftelik aan 'n kernstad of enigiemand in diens van sy administrasie deleger.

[Sub-a. (2) vervang by a. 17 van Wet No. 109 van 1985.]

25. Regulasies.—(1) 'n Plaaslike bestuur in artikel 21 (1) of 22 (1) bedoel, kan regulasies uitvaardig met betrekking tot enige aangeleentheid in artikel 21 of 22 vermeld.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (1), kan die Minister regulasies uitvaardig ten einde die oogmerke en doeleindes van hierdie Wet te bereik.

(3) Regulasies kragtens hierdie artikel uitgevaardig, kan vir die oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen strawwe voorskryf wat 'n boete van vyfhonderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande nie oorskry nie.

26. Staat gebind.—Behalwe soos by hierdie Wet uitdruklik of stilswyend anders bepaal, bind die bepalings van hierdie Wet en die regulasies daarkragtens uitgevaardig die Staat behalwe vir sover dit strafregtelike aanspreeklikheid betref.

27. Kort titel en inwerkingtreding.—Hierdie Wet heet die Wet op Stedelike Vervoer, 1977, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.